**9 Junie**

## Kla u nood in God se oor!

**Skrifgedeelte: Psalm 40**
**Fokusgedeelte: Psalm 40:3-6**

Hoe verlos God jou uit moeilikheid? Vers 3 praat van moeilikheid as ’n “*put van die dood/kuil van vernietiging*”, as “*slymerige modder/modderige slyk*” - as iets waaruit jy nie jouself kan bevry met antwoorde en oplossings nie. Hulp moet van buite af kom.

Ons moet ’n oomblik by vers 1 stilstaan om die antwoord te kry: “*Ek het die Here lank verwag*”, ook vertaal as: “*Ek wag geduldig op die Here*.”

Gewoonlik wil ons dadelik reaksie hê en boonop presies soos ons beplan of gebid het. God moet gou maak!

Hoe moes Jesus nie wag nie – op die bruilof in Kana sê Hy: “*My uur het nog nie gekom nie*.” Hy bid ernstig in Getsemané dat die beker van God se oordeel by Hom moes verbygaan ... “*nogtans nie soos Ek wil nie, maar laat U wil geskied*”. In sy wagtyd moes Hy Hom volkome onderwerp aan die Vader se wil. Toe Hy van sy knieë af opstaan na Hy gebid het, gaan Hy om sy vyande te ontmoet, gee Homself vrywillig oor in hulle hande – soos ’n lam wat na die slagplek gelei word. Daar voor Pilatus met die valse getuies maak Hy nie sy mond oop nie – Hy wag! Hy wag geduldig op die Vader se intrede, selfs aan die kruis terwyl almal rondom spot, wag Hy op die Vader, gee uiteindelik sy menslike gees oor in die hande van die Vader.

Hy’t geweet die Vader sal Hom uit die modderige put van sy onmiddelike moeilikheid red. Hy’t gewag op die Vader se tyd, Hy’t nie haastig geraak, sake in eie hande geneem nie. Hy’s slaaf om te doen wat Hy verplig was om te kom doen. Hy was gewillig om as die skuim van die aarde saam met misdadigers gereken te word, geduldig ly Hy. Hy sê dan selfs vir Judas: “*Maak gou*” – nie uit ongeduld nie, maar uit oorgawe aan die Vader se wil. “*Ek het geduldig op die Here gewag ...*”

Sy geduld het prakties beteken dat Hy biddend gewag het – sy hele lewe was deur gebed gekenmerk – Hy’t alles in gebed met die Vader uitgeklaar ... geduld! Ons teksvers (2) sê: “*Ek wag geduldig op die Here ...*” Daarby word van Jesus gesê dat toe Hy in nood was, Hy nog ernstiger gebid het!

*Sing: Psalm 144:1, 2 en Psalm 40:1, 3   Ds. PK Lourens (Bloemfontein/Bloemfontein-Oos)*